higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 3

(5050053)

26 Februarie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Volgens die humanistiese benadering ...

A ontwikkel taal.
B ontwikkel nuuskierigheid en kreatiwiteit.
C stel leerders realistiese doelwitte.
D is 'n ondersyer 'n rolmodel.

1.2 … staan bekend as die vader van Uitkomsgerigte Onderwys.

A Arthur Chickering
B Edward Thorndike
C William Spady
D Franklin Bobbit

1.3 EEN van die benaderings in onderwys is die … benadering.

A aansporings-
B universele
C kriterium-
D ontwikkelings

1.4 SAKO is die afkorting vir ...

A Suid-Afrikaanse Kwaliteitsonderafdeling.
B Suid-Asiatiese Kwantiteitsorganisasie.
C Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid.
D Suid-Amerikaanse Kwantiteitsopleiding.

1.5 Die vermoë om jou eie en ander se emosies te monitor en gepas daarop te reageer, staan bekend as …

A emosionele intelligensie.
B gesonde verstand.
C praktiese intelligensie.
D intelligensiëkwosiënt.

1.6 Afwaartse ontwerp staan ook bekend as die beginsel van …...

A kritieke uitkomste.
B terugwaartse kartering.
C ontwikkelingsuitkomste.
D assesseringstandaarde.

NCV

1.7 Die kognitiewe domein kan beskryf word as ...

A die verwerwing van kennis.
B die bereiking van doelstellings.
C om ander mense te verstaan.
D om genoeg slap te kry.

1.8 ... is een van die tien kernwaardes van ons grondwet.

A Etiek
B Demokrasie
C Moraliteit
D Aanhorigheid

1.9 Wat is koöperatiewe/samewerkende leer?

A Die memorisering van feite wonder om hulle noodwendig te verstaan.
B 'n Onderrigstrategie waarvolgens onderwysers met verskillende vermoënsvlakke in spanne saamwerk om hul begrip van 'n vakgebied te verbeter.
C 'n Projek waarvolgens leerders van verskillende grade saamwerk om 'n projek te voltooi.
D 'n Onderrigstrategie waarvolgens leerders van verskillende vermoën svlakke in spanne saamwerk om hul begrip van 'n vakgebied te verbeter.

1.10 EEN van die belangrikste konsepte van ko-operatiewe leer is die ‘wil om saam te werk’. Samewerking moet op drie maniere aangemoedig word:

A Spanbou: klasbou en onderwysersamewerking.
B Spanbou: klasbou en taak- en beloningstrukture.
C Spanbou: klasbou en taak- en aanmoedigingstrukture.
D Spanbou: klasbou en ouersamewerking.

1.11 ('n) Onderwys- ... is 'n breë plan van aksie vir die onderrig-leeraktiwiteite wat geïplementeer moet word om die gekose uitkomste te bereik.

A vaardighede
B interaksie
C strategie
D filosofie

1.12 Watter item voltooi die sin die beste?

In 'n onderwyssituasie is ... 'n breë term wat verwys na die onderrigmetodes wat uitspeel of fantasie gebruik om die leerder te help.

A drama
B rolspel
C kleingroepwerk
D probleemoplossing

Kopiereg voorbehou

1.13 Om te wys dat leer plaasgevind het moet ons vrae in ... beantwoord.

A vergelyking
B beskrywing
C konsepte
D eksamens

1.14 ... is 'n voorbeeld van 'n praatles.

A Lees
B Aanbieding
C Skryfwerk
D Uitkomste

1.15 ... vrae vereis 'n eenwoordantwoord.

A Indringende
B Leidende
C Geslote
D Oop

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

grondlynassessering; leer; staties; NKR; ses; sosiale doeltreffendheid; gereedheid; Algemene Onderwys en Opleiding; DASS; summatiewe; tempo; informele kurrikulum; veronderstelling; aanspreeklikheid; uitkomsgerigte onderwys; ontwikkelingsbenadering; sosiale nut

2.1 ... is ’n organisatoriese struktuur wat toegang tot en vordering in alle onderwys-, opleiding- en loopbaanroetes fasiliteer.

2.2 Suksesvolle leer bevorder selfs meer suksesvolle ... .

2.3 AOO staan vir ... .

2.4 Thorndike het ... wette van leer ontwikkel.

2.5 ... is die term om iets te beskryf wat nie beweeg of verander nie, of nie in staat is om te verander nie.

2.6 Die ... benadering fokus meer op die samelewing se behoeftes, wat belangriker as die leerders se behoeftes is.

2.7 ... assessering is die algehele assessering wat aan die einde van 'n studiekursus gebruik word.

Kopiereg voorbehou

2.8 Die wet van ... bepaal dat leerders leer wanneer hulle gereed is om te leer.

2.9 ... is die verantwoordelikheid teenoor iemand of vir die een of ander aktiwiteit.

2.10 Die waarde wat 'n persoon tot die samelewing bydra, staan bekend as … .

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Een van die voordele van die geselekteerde-en-geïmplementeerde beginsel is dat dit slegs op die leerder se intellek fokus.

3.2 Howard Gardner het twee verskillende intelligensies geïdentifiseer.

3.3 Wanneer koöperatiewe/samewerkende leer toegepas word, moet leerders altyd toegelaat word om hul eie spanne te kies.

3.4 Ko-operatiewe leer kan tot gevolg hê dat leerders mekaar motiveer.

3.5 Billikheid beteken om regverdig te wees, en nie een kant bo 'n ander te kies nie.

3.6 Koöperatiewe leer verbeter nie 'n leerder se sosiale vaardighede nie.

3.7 Maatskaplike geregtigheid beteken dat slegs sekere lede van die samelewing benadeel word.

3.8 Koöperatiewe leer kan skaam leerders benadeel omdat hulle nie gemaklik voel om hulself in 'n groep uit te druk nie.

3.9 Kurrikulum 2005 is na HNKV verander om dit makliker te maak om die kurrikulum te verstaan en te implementeer.

3.10 Uitleggende (verklarende) onderrig plaas die leerder in die middelpunt van leer.

3.11 In die deelnemende onderrigmetode is afsondering in die klaskamer noodsaaklik.

3.12 Rolspel is 'n goeie manier om leerders aan te moedig om sosiaal met mekaar te verkeer

3.13 Vrae wat op Bloom se taksonomie gegrond is, is 'n uitstekende manier om vrae vir die eksamen te struktureer.

3.14 Die gebruik van probleemoplossing as 'n onderrigmetode verg nie enige voorbereiding, tyd en moeite nie.

3.15 Dit is belangrik dat leerders gereelde terugvoering kry om insig in hul leer en begrip te verwerf.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Ontwikkeling van kinders in alle aspekte	A	sosialiseringsbeginsel
4.1.2	Fundamentele waarheid, wet of aanname	B	abstrak
4.1.3	Elke lid van die span is daarvoor verantwoordelik om hul deel van die werk te doen	C	persepsiebeginsel
4.1.4	Een van die tien kernwaardes van die Grondwet	D	tradisionele beginsel
4.1.5	Leerders kan vaardighede en kennis van een leerarea in 'n ander gebruik	E	beginsel
4.1.6	Vermoë om een brokkie data bo 'n ander te kies	F	holistiese/totaliteitsbeginsel
4.1.6	Werklike ervaring lei tot leer	G	konseptuele data
4.1.7	Suid-Afrika het ... amptelike tale	H	individuele toerekenbaarheid
4.1.9	Die kurrikulum is ontwerp om ... leer te bevorder	I	integrasie
4.1.10	Verbeeldingryk, teoreties en ontasbaar	J	kritiese denke
4.1.11	Kinders leer om saam te werk	K	demokrasie
4.1.12	Verwys na abstrakte data soos wysheid, goedhartigheid of jaloesie	L	elf
		M	lewenslange leer
		N	leeruitkomste
		O	voorkeurdata

(12 × 1) (12)

Kopiereg voorbehou

4.2 Daar is VIER tipes assessering. Spesifiseer watter tipe assessering die beste in elke scenario wat hier onder genoem word, pas. Skryf slegs die letter en die tipe assessering in die ANTWOORDBOEK neer.

	SCENARIO	TIPE ASSESSERING
A.	Susan geniet aktiwiteite wat die onderwyser in die klaskamer gee, omdat haar onderwyser vir hulle terugvoering sal gee en sy dan kan identifiseer waar sy moet verbeter.	
B.	Mev Jones gee aan die begin van die jaar in haar Graad 1-klas eenvoudige assesserings om die leerders se voorkennis te assesseer.	
C.	Dit is die tipe assessering wat aan die einde van 'n studiekursus, termyn of jaar gegee word.	
D.	Die skool se remediërende onderwyser moet Tommy assesseer omdat hy nie vordering met sy skoolwerk maak nie.	
E.	Nadat Ayabonga geassesseer is, is onderhoude met haar ouers gevoer en die skoolhoof het voorgestel dat sy 'n skool bywoon wat vir leerders met spesiale behoeftes voorsiening maak.	
F.	Al die leerders in juffrou Human se Wiskundeklas het aan die einde van die jaar geslaag.	
G.	Zodwa weet dat die terugvoering wat haar Engelse onderwyser vir haar oor haar vordering gee belangrik is, omdat sy daarop moet reageer en haar punte verbeter.	
H.	Aan die begin van die jaar doen mev James altyd 'n assessering om te bepaal watter van haar leerders struikelblokke tot leer het, sodat hulle nie nodige ondersteuning of leiding kan ontvang.	

(8 × 1) (8)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Verduidelik in jou eie woorde waarom deurlopende assessering 'n sleutelelement in Uitkomsgerigte Onderwys is. (4 × 1) (4)

5.2 Onderskei in tabelvorm tussen MESO-, MAKRO-en MIKRO-beplanning. (3 × 3) (9)

5.3 Mev Smith se leerders het 'n toets geskryf. Sy het besluit dat sy vir hulle konstruktiewe terugvoering oor die toets moet gee wat hulle sal opbou** en hulle help om maniere te ontwikkel om te kan vorder. Sy het niemand uitgetrap nie; in plaas daarvan het sy hulle gevra om met haar te kom gesels oor enige aspek van die werk wat hulle nie verstaan nie. Sy het ook vir hulle vertel hoe belangrik dit is om elke dag hersiening van die werk te doen.

Op grond van die scenario hier bo, identifiseer drie konstruktiewe maniere waarop mev Smith terugvoering aan haar leerders kan gee. (3 × 2) (6)

5.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

In jou hoedanigheid as 'n onderwyser, speel jy 'n bie belangrike rol om te verseker dat 'n kind 'n aangename skooljaar geniet. As 'n Graad 1-onderwyser word daar van jou vereis om heelwat voorbereidingswerk te doen. In jou klas is daar 'n meisie, Mary, wat elke dag huil. Sy is baie kleiner as die ander kinders in die klas en kan nie die werk wat sy moet doen, hanteer nie. Selfs al vra jy haar om die werk oor te doen, kry s dit nog steeds nie reg nie. Sy raak deurmekaar tussen die werk wat die onderwyser eerste onderrig het, en die mees onlangse werk. Mary sê dat sy wil teruggaan kleuterskool toe, omdat hulle daar pret gehad het.

5.4.1 Noem die VYF Wette Van Leer wat in die scenario hier bo voorkom. (5)

5.4.2 Gee 'n voorbeeld van elke wet van leer op grond van die scenario. (5)

5.5 Noem die persoon wat verantwoordelik was vir die ontwikkeling van die Wette van Leer in die scenario hier bo. (1)

5.6 Noem die VYF beginsels wat die waardes in die Grondwet en Kurrikulum 2005 benadruk. (5)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Ondanks verskeie ontwikkelings is daar steeds sekere grondbeginsels van onderrig wat vandag nog ter sake is. noem die DRIE tradisionele beginsels van onderrig. (3 × 1) (3)

6.2 Verduidelik elke grondbeginsel aan die hand van jou eie voorbeelde. (3 × 2) (6)

6.3 Kyk na die foto hier onder en verduidelik in jou eie woorde waarom dit as 'n HETEROGENE groep beskou kan word. (6)



(3 × 2)

6.4 Daar is verskeie beginsels van onderrig wat by sowel die skool as by die huis geïmplementeer kan word. Identifiseer die beginsel in elk van die volgende scenario's.

6.4.1 Mnr Groom is reeds 20 jaar lank 'n onderwyser. In sy onderrigpraktyk bo hy op die leerders se bestaande kennis en ontwikkel dit verder; hy neem ook altyd die leerders se persoonlike ontwikkeling in ag.

6.4.2 Mev Jacobs erken die feit dat sy nie 'n kind se huislike lewe van sy/haar skoollewe kan skei nie; albei beïnvloed die kind se leerproses.

6.4.3 Mej Ganga het tot die gevolgtrekking gekom dat, indien 'n kind in 'n bepaalde aktiwiteit belangstel, soos musiek of sport, daardie kinders meer verantwoordelik en responsief in hul leer sal word.

6.4.4 In mev Davids se klas is die leerders meer interaktief. Sy moedig haar studente aan om betekenisvolle verhoudings met hul klasmaats te smee.

6.4.5 Mev Taylor glo dat studente meer vryheid gegun moet word om hulle aan te moedig om verantwoordelikheid vir hul eie leer te aanvaar en intellektueel en fisies te groei.

6.4.6 In Graad R begin mev Joel begin altyd die jaar deur bekende temas wat uit 'n kind se bekende omgewing afkomstig is, te onderrig.

6.4.7 Chaz het aan 'n warm stoof geraak en sy hand gebrand. Hy weet nou dat stowe gevaarlik is. Werklike ervarings lei tot leer.

(7 × 2) (14)

6.5 Onderskei in tabelvorm tussen die voordele en nadele van ko-operatiewe leer. (3 × 2) (6)

[35]

VRAAG 7

7.1 Noem SEWE deelnemende metodes vir die onderrig-en-leeromgewing. (7)

7.2 Bring een van hierdie deelnemende metodes in verband met een van jou eie ervarings in 'n klaskamersituasie. (5 × 2) (10)

7.3 Watter aktiwiteit, onderrigtegniek of -strategie kan 'n onderwyser vir sy of haar klaskamer beplan om te verseker dat die leerders hul luistervaardighede ontwikkel? (3 × 2) (6)

7.4



7.4.1 Kyk na die prent hier bo en identifiseer VIER verskillende soorte diversiteit onder die leerders. (4 × 2) (8)

7.4.2 Watter advies sou jy aan 'n onderwyser gee wat diverse leerders soos dié in die prent hier bo, moet onderrig? (2 × 2) (4)

[35]

VRAAG 8

Xolisa woon in Reeston-township, waar net 'n paar mense toegang tot behuising, kos en water, gesondheidsorgdienste en onderwys het. Die mense van hierdie gemeenskap het geen reg op vryheid van uitdrukking, godsdienstige oortuigings en kulturele praktyke nie. In die skole is die onderwysers oneerbiedig, seksisties en begunstig sommige leerders. Daar is geen behoorlike toiletgeriewe by die skool nie en leerders word gedwing om die veld rondom die skool te gebruik wanneer nodig.

8.1 In die scenario hier bo is daar 'n aantal kwessies wat teen die waardes van ons grondwet is. Identifiseer VYF sulke kwessies. (5 × 2) (10)

8.2 Beskryf in jou eie woorde VIER ander kernwaardes van ons grondwet wat in hierdie gemeenskap geopenbaar behoort te word. (4)

8.3 Mev Adams het 'n klas van dertig leerders met uiteenlopende behoeftes. Sy probeer haar bes om al die leerders in haar klas te akkommodeer, omdat sy wil hê dat hulle elkeen hul individuele potensiaal moet verwesenlik.

Op grond van jou kennis, wat kan mev Adams doen of implementeer indien die leerders met die volgende take sukkel?

8.3.1 Probleme met lees

8.3.2 Gehooraantasting

8.3.3 Probleme met kommunikasie

8.3.4 Wanneer die leerder sukkel om aandag te skenk

8.3.5 Probleme met skryf

(5 × 2) (10)

8.4 Vraagstelling is 'n belangrike aspek van kritiese denke en 'n deelnemende onderrigmetode. Identifiseer in die volgende scenario's die tipe vrae wat gestel word.

8.4.1 Jy sal my seun kan afrig, nie waar nie?

8.4.2 Het jy gesê jy het die eerste keer so gevoel nadat ek van ons vergadering vergeet het?

8.4.3 Wat sal die melkboere doen as ons nog 'n droë seisoen beleef?

8.4.4 Hoe het jy ná daardie ervaring verander?

8.4.5 Waar was jy gisteraand?

8.4.6 Gaan jy more Durban toe?

8.4.7 Hoekom het jy nie gister skool toe gekom nie?

(7 × 1) (7)

8.5 Motiveer waarom deelnemende leer 'n belangrike deel van die leerproses is. (2)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 135
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou